# HOOFSTUK 11

# EKSTRAKURRIKULÊRE VORMENDE ONDERRIGPROGRAMME AAN SKOLE VIR BLINDES

## 11.1 INLEIDING

Afgesien van die meer formele opvoedings-, onderwys- en oplei= dingsprogramme aan skole vir blindes, het hierdie skole ook in verskillende ander opsigte 'n besondere verantwoordelikheid. Die moontlikheid vir die normaalsiende kind om by wyse van byna ter= loopse hulpverlening en in vele opsigte asof "vanself" te leer om te beweeg; hom in die ruimte te oriënteer; alledaagse take te verrig; skeppend besig te wees; alleen en saam met maats te speel en aan ontspanningsaktiwiteite deel te neem, asook om hom ten opsigte van die geslagtelike te oriënteer, word in 'n groot mate werklikheid deur die feit dat hy kan sien. Die blinde kind is in hierdie verband ernstig beperk. Die teoretiese grondslae vir die noodsaaklikheid van gespesialiseerde hulpverlening aan die blinde kind met betrekking tot bogenoemde aspekte is reeds in hoofstuk 2 uiteengesit en sal dus nie weer hier in besonder= hede bespreek word nie. Waar hulpverleningsprogramme aan skole vir blindes in bogenoemde verband in hierdie hoofstuk aangesny sal word, sal, waar relevant, na die teoretiese beligting (in hoofstuk 2) van die betrokke probleemsituasie van die blinde per= soon verwys word.

## 11.2 ONDERRIG IN ORIËNTASIE EN MOBILITEIT

### 11.2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Oriëntasie en mobiliteit is sleutelwoorde in die selfstandig= wording van die blinde persoon. "Oriënt" beteken letterlik "die Ooste", en in hierdie verband beteken *oriëntering* (of oriëntasie) dus dat die blinde kind gebring word tot kennis van sy eie posisie

(vgl. Pauw, J.C., 1969, p. 123). Suterko (1974) definieer oriëntasie as die gebeure om die oorblywende sintuie te gebruik om jou posisie en jou relasie met ander relevante voorwerpe in die omgewing te bepaal. Hierdie gebeure is nooit voltooi nie en die blinde moet met elke stap wat hy neem, hom opnuut oriënteer (p. 282). Kooyman (1967) van die Koninklijk Instituut voor Onderwijs van Blinden te Huiren (Nederland) wys daarop dat oriën= tasie begin met die lokalisering van voorwerpe in 'n gegewe ruim= te. Deur te tas en te luister kan die blinde die ruimte eksplo= reer en hom aan die hand van kenmerkende aspekte daarvan oriënteer. Deeglike oriëntasie (ook genoem ruimtelike of werklikheidsoriënta= sie) impliseer dat die persoon in relasie tree met die ruimte en dit orden. Wat betref die blinde persoon, is dit egter essensieel dat sy "motoriese ruimte" (die ruimte waarin hy beweeg) hom akoes= tiese en taktuele oriënteringsmoontlikhede sal bied (p. 102).

*Mobiliteit* impliseer beweeglikheid, dit wil sê die vermoë om bewe= wings uit te voer en om voort te kan beweeg van 'n posisie na 'n verlangde posisie. Om doeltreffend te kan beweeg, vereis van 'n persoon onder andere koördinasie, balans en oriëntasie. Hoe meer volkome die oriëntasie van die blinde persoon, hoe akkurater en meer doelgerig is sy bewegings. Die mate van gesig waaroor 'n gesigsgestremde beskik, bepaal uit die aard van die saak in 'n groot mate hoe doeltreffend hy hom kan oriënteer en met hoeveel selfvertroue hy kan beweeg (Kooyman, 1967, p. 102; Pauw, J.C., 1969, pp. 123-124). Ter verduideliking van die relasie tussen oriëntasie en mobiliteit verwys Suterko (1974) na die volgende woorde van Fuller: *"The wise man travels while the fool wanders"* (p. 282). Indien die blinde persoon nie met voldoende selfver= troue kan beweeg en hom in 'n vreemde omgewing kan oriënteer nie, sal sy suksesvolle integrasie in 'n siende gemeenskap ernstig

gestrem word.*

## 11.2.2 ONDERRIG IN ORIËNTASIE EN MOBILITEIT AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

Aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria word besondere pogings aangewend om die oriëntasie en mobiliteit van blinde leerlinge te bevorder en onderwys- en kos=huispersoneel word hierby betrek. Reeds in die primêre skool word die gebruik van die wit kierie tydens hierdie onderrig in=geskakel. Aanvanklik word leerlinge behelp om met die uitleg van die skoolterrein vertroud te word. Die leerlinge word geleer om op die sementpaadjies deur die skoolgronde te beweeg totdat hul met vertroue en sonder hulp onder andere hul eie klaskamers, die hoof se kantoor en die skoolsaal kan bereik. Daarna word hul terrein van verkenning uitgebrei en word leerlinge gehelp om ook buite die skoolterrein te beweeg.

In die laer primêre standerds word onderrig in oriëntasie en mobiliteit veral met die aanbieding van die vak Omgewingsleer ge=korreleer. Groepe leerlinge bring (soms ook te voet) besoeke aan byvoorbeeld die munisipale kantore, die brandweerstasie, die poskantoor en die hospitaal. Tydens hierdie besoeke word hulle attent gemaak op bakens wat hul oriëntasie en mobiliteit kan vergemaklik. Van ongeveer standerd 3 of 4 word leerlinge toege=laat en aangemoedig om saam met maats, en later ook alleen, dorp toe te gaan, terwyl huismoeders ook van die blinde leerlinge saamneem as hulle gaan inkopies doen. Voorts is sommige oefeninge

---

*In hoofstuk 2 is gewys op die wyse waarop die blinde sy wêreld eksploreer en op die implikasies daarvan (kyk 2.2.3.1); op die onvryheid wat blindheid meebring (kyk 2.2.3.4), en op die nood=saaklikheid om die bewegingsmoontlikhede van die blinde te be=vorder (kyk 2.3.6).

waaraan tydens Liggaamlike Opvoedingperiodes aandag gegee word, spesifiek op die bevordering van oriëntasie en mobiliteit toege= spits.

Aan die Skool vir Blindes word beplan om die onderrig van oriën= tasie en mobiliteit uit te brei en beter te beplan. Twee onderwy= seresse wat aan die skool verbonde is, het kursusse in oriëntasie en mobiliteit in die buiteland deurloop. Tans word daar egter nie deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir 'n afsonderlike pos vir sodanige leerkrag voorsiening gemaak nie (kyk bylae A, v. 9.7).

In 1973 het Van der Burgh 'n ondersoek gedoen na die lewensomstan= dighede van Blanke blinde persone in die Transvaal. Uit dié ver= slag blyk dat 69 van die 347 respondente in die ondersoekgroep wyses gesuggereer het waarop die onderwys van blindes verbeter kan word. Van hierdie 69 respondente het 18,8 persent genoem dat meer aandag aan die onderrig van "persoonlike mobiliteit" op skool gegee moet word (p. 114).

### 11.2.3 ONDERRIG IN ORIËNTASIE EN MOBILITEIT IN ENKELE OORSESE LANDE

Al die skole op die Europese vasteland waaroor inligting bekom is, bied onderrigprogramme in oriëntasie en mobiliteit aan (kyk by= lae D). Veral die onderrigprogramme wat in Engeland aangebied word, blyk van hoogstaande gehalte te wees. Aan die Hethersett Centre te Reigate in Surrey behels die mobiliteitsprogram onder andere die onderrig van blindes om te voet, per huurmotor, per bus, per trein en selfs per vliegtuig 'n bestemming te bereik. Onderrig in die gebruik van die wit kierie is in die program in= gesluit en die kursus in mobiliteit word as suksesvol deurloop beskou, sodra 'n student met behulp van verbale instruksies 'n onbekende bestemming kan bereik (RNIB, 1965, p. 8).

Die National Mobility Centre van die Royal National Institute for the Blind (RNIB) te Birmingham bied opleidingskursusse in die onderrig van mobiliteit aan vir onderwysers en ander volwassenes wat vir die mobiliteitsonderrig van blindes verantwoordelik is. Hierdie kursus omvat onder andere die volgende aspekte:

a. Oriëntasie en mobiliteit (Teorie): Die keuse van 'n geskikte opleidingsterrein; die beplanning van lesse en hou van vor=deringsverslae; geskikte programme vir residensiële en nie-residensiële blinde kinders en volwassenes; die gebruikmaking van elektroniese hulpmiddels, gidshonde, kaarte en modelle.

b. Oriëntasie en mobiliteit (Prakties): Die gebruik van die lang kierie; mobiliteit in residensiële verband; straat=kruising; die gebruik van openbare vervoer, roltrappe, hysbakke en draaideure; tegnieke in digbeboude gebiede en die geheue as "hulpmiddel".

c. Anatomie en fisiologie van die oog: Basiese anatomie en funksionering van die oog; oogsiektes; implikasies van ge=sigsverlies vir mobiliteit; evaluering van gesigsreste; ge=sigskerpte en inperking van die gesigsveld.

d. Gehoorleer: Die kenmerke van geluid; frekwensie, trillings=wydte en toonhoogte; die gebruik van gehoor in omgewings=oriëntasie.

e. Psigologiese aspekte: Die beperkende implikasies van blind=wees; verwerking van blindheid deur blindes; die gesindheid van lede van die gesin en die gemeenskap teenoor die blinde (RNIB, 1969a, pp. 10-13).

### 11.2.4 SLOTOPMERKING

Die betekenis daarvan om met vertroue te kan beweeg - veral vir die blinde persoon - kan kwalik oorbeklemtoon word. Waar die

pedagogies-didaktiese riglyne vir 'n opvoedings- en onderwyspro= gram vir blindes bespreek is, is die bevordering van die bewe= gingsmoontlikhede van blindes dan ook in die blikpunt gestel (kyk 2.3.6). Inderwaarheid staan of val die moontlikheid tot die ver= werkliking van sy potensialiteite deur die blinde persoon by sy vermoë om met vertroue te beweeg, waardeur die mate van selfstan= digheid en selfbeskikking wat hy kan verwerf, verhoog word.

## 11.3 ALGEMENE SELFSTANDIGHEIDSONDERRIG

### 11.3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Met die meeste ekstrakurrikulêre programme wat aan blinde leer= linge aangebied word, word onder andere ook selfstandigheidsont= plooiing beoog. Hulpverlening met betrekking tot vryetydsbeste= ding, sosiale integrasie en mobiliteitsverwering kan byvoorbeeld ook as selfstandigheidsonderrig beskou word. In die onderhawige afdeling gaan dit egter spesifiek om selfstandigheidsonderrig met betrekking tot alledaagse huishoudelike en persoonlike verplig= tinge wat blindes noodwendig moet kan nakom.*

### 11.3.2 SELFSTANDIGHEIDSONDERRIG AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

Reeds voor 1945 is op inisiatief van die *Skool vir Blindes* 'n afrondingskursus vir leerlinge in die sekondêre afdeling, en in besonder vir leerlinge wat binne afsienbare tyd die skool sou verlaat, ingestel. Die doel met hierdie kursus is om blinde leerlinge voor te berei vir die eise wat in die alledaagse lewe

*Die beperkthede van die blinde persoon met betrekking tot die verrigting van alledaagse noodsaaklikhede is in paragrawe 2.2.3.4 en 2.3.7 aan die orde gestel.

in 'n siende gemeenskap aan hulle gestel gaan word.* Hierdie kursus word as ekstrakurrikulêre program in die middae aangebied en 'n deeltydse onderwyseres wie se pos deur die Bestuur (kerk=like beheerliggaam) gefinansier word, is vir die kursus verant=woordelik. Die noodsaaklikheid van sodanige kursus het al groter geword namate meer blindes tot die ope arbeid toegetree het en blindes ook aan die gepaardgaande sosiale eise moes voldoen. As residensiële skool het die skool dit noodwendig as deel van sy taak gesien om in hierdie verband die nodige onderrig te verskaf. Alhoewel leerlinge op 'n vrywillige basis by hierdie kursus betrek word, word deelname sterk aangemoedig.

In hierdie kursus word aan verskillende aspekte aandag gegee. Die blinde kind besef nie altyd dat hy voortdurend in die blik van siende persone is nie en gee gevolglik nie altyd voldoende aandag aan sy voorkoms nie. Gesteldheid op hul voorkoms en die noodsaak=likheid van persoonlike netheid word by hulle tuisgebring. In hierdie verband word hulle onder andere gewys op die noodsaaklik=heid daarvan dat hul hare gekam, hul tande geborsel en hul skoene skoon moet wees, en dat hulle moet let op hul kleredrag - ook wat betref korrekte kleurskakerings. Meisies word ingelig oor ver=anderinge in modes, keurige haarstyle en vel- en hareversorging. Verder word gepoog om goeie maniere en korrekte optrede in ver=skillende situasies in te skerp. Leerlinge word gewys op hul optrede as gaste in die huis van 'n ander, die korrekte optrede van mans teenoor dames, die korrekte gebruik van die telefoon, en etiket aan tafel. Leerlinge word in groepe na winkels geneem en voorgelig aangaande die aankoop van huishoudelike en persoonlike benodigdhede. Handelsondernemings te Worcester verleen in die

*Soos daarop gewys (kyk paragraaf 10.3.3), word ook in die koshuise besondere aandag aan die selfstandigheidsontplooiing van blinde leerlinge gegee.

reël geredelik hul samewerking in hierdie verband en soms word verkoopspersoneel aangewys om inligting te verskaf.

Die onderrig in die verrigting van huishoudelike take vorm 'n integrale deel van die kursus. Die standerd 8-sillabus in Huis=houdkunde van die Kaaplandse Onderwysdepartement word as riglyn in hierdie verband geneem. Huishoudelike take waaraan aandag gegee word, is onder andere die was van klere en ander artikels, die regpak van kaste, die opmaak van beddens, huisskoonmaak en kombuiswerk. Blinde kinders is dikwels bang vir hitte en hulle word gehelp om hierdie vrees te bowe te kom. Ook blinde seuns word by sekere aspekte van kombuiswerk betrek, byvoorbeeld die maak van tee en koffie (kyk bylae A, v. 9.7).

Ten slotte word weer eens na die ondersoek deur Van der Burgh (1973) verwys. Van 69 blinde respondente in die Transvaal wat wyses gesuggereer het waarop die onderwys van blindes verbeter kan word, het 2,9 persent gevra dat praktiese huishoudkunde aan blinde leerlinge aangebied moet word (p. 114).

### 11.3.3 SELFSTANDIGHEIDSONDERRIG AAN SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

Aan skole vir blindes in Engeland, België, Nederland, Duitsland en Italië neem selfstandigheidsonderrig 'n belangrike plek in. Alledaagse noodsaaklikhede waarin blinde leerlinge onderrig word, is onder andere die volgende: Die voorbereiding van voedsel, naaldwerk, was en stryk, die opmaak van beddens en ander huis=houdelike take. Sommige van hierdie skole beskik oor goed toege=ruste huishoudkundelokale met gas- en elektriese stowe. Verder word van leerlinge verwag om mettertyd alleen te kan reis, self hare te laat sny en alleen ander openbare plekke te besoek (kyk

bylae B, v. 1.8 en 1.9; RNIB, 1971c, p. 5).*

## 11.4 VRYETYDSBESTEDING DEUR BLINDE LEERLINGE EN HULPVERLENING IN HIERDIE VERBAND

### 11.4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Daar is gewys op die beperkthede van die blinde kind met betrek= king tot deelname aan vryetydsaktiwiteite en die noodsaaklikheid van hulpverlening in hierdie verband (kyk 2.3.12). In die onder= hawige afdeling sal 'n kort oorsig gegee word van vryetydsaktiwi= teite aan skole vir blindes.**

### 11.4.2 DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

Die Skool vir Blindes te Worcester bied aan blinde leerlinge die geleentheid om aan 'n verskeidenheid *ontspanningsaktiwiteite* en *kulturele bedrywighede* deel te neem. In die reël staan sodanige georganiseerde bedrywighede onder beheer van 'n bestuur wat deur die betrokke lede uit eie geledere gekies word, bygestaan deur 'n lid van die personeel as raadgewer.

Sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool beskik oor 'n eie swembad. Verder neem blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes aan stoei, judo en roei (seuns), en gimnastiek en eurit= miek (meisies) deel. Ook word verskeie jaarlikse uitstappies vir leerlinge gereël. Onlangs is 'n bergklim- en stapklub op inisia= tief van die leerlinge aan die Skool vir Blindes gestig. Gereelde

---

*Waar selfstandigheidsonderrig as integrale deel van koshuisak= tiwiteite aan hierdie skole reeds bespreek is (kyk 10.4.3.3), word in die onderhawige afdeling nie verder daarop uitgebrei nie.

**Aspekte van hulpverlening met betrekking tot vryetydsaktiwiteite in koshuisverband is ook in paragrawe 10.3.5 en 10.4.3.3 aange= sny.

jaarlikse koshuisfunksies word gereël waarheen normaalsiende maats ook genooi word. Die belangrikheid van ongeorganiseerde aktiwi=teite en spel word besef, en jonger kinders aan albei skole is in die reël by min georganiseerde aktiwiteite betrokke en bestee hul vrye tyd aan speel op die grasperke en speelapparaat.

Aan die Skool vir Blindes word ook verskillende kulturele groep=aktiwiteite aangebied. Onder hierdie aktiwiteite ressorteer die volgende: Die Afrikaanse Christelike Studentevereniging (ACSV), 'n debatsvereniging, skoolkore, 'n musiekwaarderingsgroep, 'n slagorkes, noodhulpklasse, 'n "Folk Dancing"-groep, dramaklub, leesklub, skaakklub, volkspelelaer, 'n mitologieklas en 'n Eng=lish Literary Society. Sommige van hierdie klubs en verenigings werk aktief saam met skole vir normaalsiende leerlinge en ding ook teen hulle mee. Blinde leerlinge aan die Prinshofskool (tot graad 2) word ook by kulturele bedrywighede aan die skool inge=skakel. Hulle neem aan kunswedstryde deel, tree in skoolkonserte op en word by die kindersendingkrans ingeskakel (Prinshofskool, 1969, p. 3; Suid-Afrika, 1970b, p. 44; kyk bylae A, v. 9.7).

'n Volgende aspek van vryetydsbesteding is die deelname aan *skep=pende aktiwiteite*. Die geleenthede vir die blinde om sy skeppen=de moontlikhede te verwerklik en op dié wyse outentiek aan sy menswees gestalte te gee, is meer beperk as in die geval van die normaalsiende kind (kyk 2.3.13). Aan die Skool vir Blindes word daarom gepoog om sodanige geleenthede vir blinde leerlinge te skep. In die eerste plek word blinde leerlinge in die geleentheid gestel om uitstallings in beeldhouwerk in die Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad te gaan "besigtig" (taktuele verkenning). Tydens hierdie besoeke ontvang leerlinge ook onderrig in modelleerwerk. Gedurende Maart en April 1973 het die Skool vir Blindes 'n kon=serttoer deur die land onderneem en die doel van die toer was onder andere die insameling van fondse wat aangewend sal word om

kunsklasse aan die skool in te stel (kyk bylae A, v. 9.8). Rapport (25 Maart 1973) berig soos volg in hierdie verband: *"Die doel met kunsklasse by die skool is nie om kunstenaars te kweek nie. Dit is eerder om blinde kinders te leer om die skoon=heid van vorm, lyn en tekstuur te waardeer"* (p. 13).

Ten tweede word handwerk ook as opsionele ekstrakurrikulêre ak=tiwiteit vir veral leerlinge in die sekondêre skool aangebied. Leerlinge word aangemoedig om handwerk as stokperdjie te beoefen en kan by vlegwerk, houtwerk, leerwerk, breiwerk of weefwerk in=geskakel word. Derdens neem die onderrig in die bespeling van musiekinstrumente (byvoorbeeld klavier, orrel en Orff-instrumente) ook 'n belangrike plek in.

Uit hierdie oorsig blyk die *omvattendheid* van vryetydsaktiwiteite wat aan die Skool vir Blindes aangebied word. Om te verseker dat leerlinge nie aan òf te veel, òf te min van hierdie aktiwiteite deelneem nie, bestaan daar 'n Komitee vir Buitemuurse Bedrywig=hede wat verslag hou van alle georganiseerde aktiwiteite waaraan elke leerling deelneem en aanbevelings in hierdie verband doen.

Die indruk word gekry dat die *Prinshofskool* nie in dieselfde mate as die Skool vir Blindes met betrekking tot die aanbieding van vryetydsaktiwiteite op die nood van die blinde kind gerig is nie. Hierdie toedrag van sake moet toegeskryf word aan die feit dat eersgenoemde skool in die eerste plek vir swaksiende leerlinge voorsiening maak en dat blinde leerlinge net tot graad 2 aan hierdie skool vertoef.

Ten slotte word op die bevindinge van Van der Burgh (1973) oor die *deelname* van 347 blinde persone in die Transvaal aan vrye=tydsaktiwiteite gewys. Op die vraag watter aktiwiteit die *meeste* van hul vrye tyd in beslag neem, het 21,3 persent geant=woord "tuinwerk" of "hulp met huishoudelike take". Voorts blyk

dat 17 persent van die respondente die radio verkies; 15,9 persent gee voorkeur aan lees; 14,1 persent stel sport eerste, terwyl 19,5 persent verskillende ander aktiwiteite ver=kies. Sommige van laasgenoemde groep persone beoefen handwerk, terwyl ander op komitees van politieke en kerklike organisasies dien, asook organisasies wat hul vir die welsyn van blinde persone beywer. Die oorblywende 12,1 persent neem aan geen vryetydsak=tiwiteite deel nie (p. 98).

### 11.4.3 DIE SITUASIE AAN ENKELE SKOLE VIR BLINDES IN OORSESE LANDE

Aan skole vir blindes in Engeland, België, Nederland en die Ver=enigde State van Amerika word in 'n mindere of meerdere mate ook aandag aan die vryetydsbesteding van blinde leerlinge gegee. In hierdie verband word in die eerste plek op die onderrig van blinde leerlinge in musiek gewys. Di Francesco (1967) van die California School for the Blind in die Verenigde State van Amerika beklemtoon musiek ook as vryetydsaktiwiteit soos volg: *"Music is the language of the emotions and the aural avenue for esthetic ful=fillment ... Educators of the blind seem to have forgotten that blindness, by its very nature, reduces the number of possible sources of esthetic experience, and that blind children thus need music in their lives even more than sighted children do ... An essential element of the human spirit is to create and a child must be given every opportunity to create"* (p. 248). Aan die Instituut Ganspoel te Huldenberg (België) word aan alle blinde leerlinge musiekonderrig gegee en wel in die bespeling van een of ander musiekinstrument, byvoorbeeld die klavier, tjello, viool, ghitaar en fluit (Feyt, 1968). Aan die Chorleywood College te Chorleywood (Engeland) neem alle blinde meisies klavierlesse, ter=wyl sommige ook ander instrumente bespeel (RNIB, 1971c, p. 5).

Ander vryetydsaktiwiteite waaraan blinde leerlinge aan skole vir blindes in Engeland kan deelneem, is onder andere swem, roei, skaak, kampering, amateur radio-uitsending, gimnastiek, dans en spraakopleiding, asook besprekingsgroepe, debatsverenigings en dramaklubs. Aan die naskoolse sentrum vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering (Hethersett Centre) te Reigate in Surrey word ook heelwat aandag aan die vryetydsbesteding van blin= de studente gegee. Gedurende naweke word egter geen *georganiseer= de* aktiwiteite aangebied nie, sodat *"... each student becomes aware of the burden of leisure"*, en sodoende word studente aange= moedig om self hul naweekaktiwiteite te beplan (RNIB, 1965, p. 8 en 1971h, pp. 1 en 4).

### 11.4.4 SLOTOPMERKING

Die blinde kind is in 'n veel groter mate as die normaalsiende op leiding en hulpverlening tydens die besteding van vrye tyd aangewys om tot sinvolle deelname en meerdere betrokkenheid te kom. In hierdie verband laat die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970b) hom soos volg uit: *"Die erva= ringslewe van die blinde kind word deur sy gestremdheid aansien= lik aan bande gelê. Hy word weens sy blindheid baie selde ten volle by die aktiwiteite van ander kinders in sy ouderdomsgroep betrek, en waar hy wel die geleentheid kry om 'n verskeidenheid ervarings... te belewe, is sy waarnemingsvermoë sodanig gestremd dat hy nie ... daaruit haal wat 'n kind met normale gesigsvermoë daaruit kan put nie, tensy hy deskundig gelei en gestimuleer word"* (p. 43). Ten spyte van genoemde probleme moet egter nie uit ge= dagte verloor word dat die waarde van vryetydsaktiwiteite basies daarin geleë is dat dit aktiwiteite is waaraan uit eie keuse en vir eie genoegdoening deelgeneem word. Waar vryetydsaktiwiteite

aan skole vir blindes die indruk van besonder georganiseerdheid en gestruktureerdheid gee, en daar vir veral die ouer kinders nie veel tyd oorbly om hul eie aktiwiteite te beplan nie, sal steeds gepoog moet word om metodes te vind waardeur die blinde kind meer geleentheid tot selfstandigheidsbeoefening in hierdie verband sal hê.

## 11.5 DIE SOSIALE INSKAKELING VAN BLINDE LEERLINGE AS ASPEK VAN EKTRAKURRIKULÊRE AKTIWITEITE

### 11.5.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In paragraaf 2.3.10 is daarop gewys dat bevordering van werklik=heidsbelewing deur die blinde kind vereis dat blinde kinders ge=leentheid tot sosiale omgang met normaalsiende persone gebied moet word. Voorts is daarop gewys dat vir wedersydse aanvaarding, saam doen, saam werk en saam speel - saam beleef - essensieel is. In hierdie afdeling sal dan kortliks ingegaan word op wat in hier=die verband aan skole vir blindes gedoen word.

### 11.5.2 SOSIALE INSKAKELING AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

Met betrekking tot pogings van die Skool vir Blindes te Worcester om die sosiale inskakeling van blinde leerlinge te bevorder, word verklaar dat die skool hom ten doel stel om sy leerlinge na buite te laat beweeg. Elke moontlike geleentheid word aangegryp om iso=lasie, wat 'n ongewenste byproduk van die kosskool vir blindes kan wees, te verhoed (Suid-Afrika, 1970b, p. 45). Uit voorafgaan=de oorsig van ekstrakurrikulêre aktiwiteite aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool blyk dat blinde leerlinge op verskil=lende wyses met siende persone in aanraking kom. Aktiwiteite waardeur sosiale skakeling met siendes bewerkstellig word, is onder andere bywoning van die Sondagskool, Volkspelesaamtrekke, sportwedywering in onder andere stoei en swem, skool- en koshuis=

funksies waarheen siende kinders ook genooi word, inkopies wat in die dorp gedoen word, konserttoere waartydens blinde leerlinge soms by huisgesinne tuisgaan, asook besoeke by siende maats aan huis. Verder gaan blinde leerlinge natuurlik gedurende (sekere) vakansies na hul ouerhuise waar hulle in die reël vryelik met siende maats en ander siende persone in aanraking kom (kyk bylae A, v. 9.5 en 9.6).

Hierdie uiteensetting gee daarvan blyke dat skakeling wat vanuit skole bewerkstellig word, oorwegend in groepsverband plaasvind, in meer formele situasies geskied, nie kontinu van aard is nie en selde deur die blinde kind geïnisieer word. 'n Uitsondering in hierdie verband is waar leerlinge gedurende naweke by siende maats aan huis gaan kuier.

In sy ondersoek het Van der Burgh (1973) onder andere ook die pro= bleem van die sosiale inskakeling van blindes in die siende ge= meenskap aangesny. Hy het bevind dat van 69 Blanke blinde re= spondente in die Transvaal wat voorstelle aan die hand gedoen het ter verbetering van die onderwys van blinde leerlinge, 20,3 per= sent gesuggereer het dat blinde leerlinge nie van siendes geïso= leer moet word nie, maar dat *meer* skakeling behoort plaas te vind (p. 114).

### 11.5.3 SOSIALE INSKAKELING AAN SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

Die sosiale inskakeling van blinde leerlinge in 'n siende gemeen= skap word deur verskeie skole vir blindes in oorsese lande as van primêre belang geag. Samevattend kan op die volgende aspekte in hierdie verband gewys word:

a. Indien enigsins moontlik word blinde leerlinge in Engeland, België en Nederland nie in koshuise opgeneem nie, maar

besoek die skool vanuit hul ouerhuise.

b. Skole vir blindes in verskeie oorsese lande lê besondere klem daarop dat blinde residensiële leerlinge gedurende naweke en vakansies in die geleentheid gestel moet word om na hul ouer=huise te gaan en nie by georganiseerde skoolaktiwiteite betrek moet word nie. Die Direkteur van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel voer die feit dat blinde leerlinge aan hierdie skool ongeveer 180 dae van die jaar (naweke en vakansies) by hul ouers aan huis deurbring, as rede aan waarom nie werklik probleme met die sosiale in=skakeling van leerlinge en oud-leerlinge in 'n siende gemeen=skap ondervind word nie.

c. Sommige skole skep vir blinde leerlinge die geleentheid om naweke en vakansies by bevriende huisgesinne deur te bring en sodoende met siende persone in aanraking te kom. Heslinga en Tieman (1968) van die Bartiméus Instituut te Zeist (Neder=land) skryf soos volg: *"We got good results in introducing these young people to families outside the institute where they mixed with youngsters of their own age and went along to clubs. In this way they are not shut up in isolation"* (p. 3).

d. Enkele skole vir blindes in Engeland, Nederland en die Verenig=de State van Amerika skep geleenthede vir blinde leerlinge om sekere kursusse aan naburige skole vir normaalsiende leerlinge te deurloop.* Die doel hiermee is onder andere om blinde

*Die voordele vir die sosiale inskakeling van blindes wat 'n praktyk van openbare onderwys vir blindes inhou (dit wil sê die algehele inskakeling van blindes in skole vir siendes), word deur S. Rogow (1975) uitgewys (pp. 37-40).

leerlinge die geleentheid te bied om saam met siendes te speel en te werk (kyk 7.3.9).

e. Vryetydsaktiwiteite word ook aangewend om die sosiale inska= keling van blindes te bevorder. By die onderrig van vryetyds= aktiwiteite word dan voorkeur gegee aan dié aktiwiteite wat blindes en siendes saam kan beoefen (Great Britain, 1972, pp. 34-37; Heslinga en Tieman, 1968, pp. 2-3).

f. Lowenfeld (1974) noem dat sommige skole vir blindes in die VSA daaraan voorkeur gee dat blinde leerlinge op 'n indiwidu= ele grondslag in die siende gemeenskap ingeskakel word. Die leerlinge word dus die geleentheid gebied om na gelang hul belangstelling, op 'n indiwiduele grondslag (dit wil sê nie as 'n groep blinde kinders nie) by die Sondagskool, Boy Scouts, Girl Scouts, ensovoorts in te skakel (p. 18).

Ten besluite word op enkele deskundige menings gewys wat met be= trekking tot die sosiale inskakeling van blindes in 'n siende ge= meenskap gehuldig word. Van der Zwan (1972) meld dat sosiale interaksie tussen blinde en siende leerlinge so gou as moontlik bewerkstellig behoort te word waardeur "blind behaviour" voorkom kan word (kyk bylae B, v. 4.3). Lowenfeld (1967a) noem dat 'n toenemende aantal residensiële skole vir blindes in die Verenigde State van Amerika tot die besef kom dat dit nie alleen hul ver= antwoordelikheid is om blinde kinders voor te berei op inskakeling in 'n siende gemeenskap nie, maar ook om hulp aan hierdie kinders te verleen met betrekking tot hul eerste ervaringe in hierdie ver= band. Hy skryf dat 'n blinde kind wat 'n openbare skool saam met normaalsiende leerlinge bywoon, maar vir ontspanningsaktiwiteite saam met blindes afgesonder word, of na 'n somerkamp vir blindes gaan, beslis nie sosiaal inskakel nie. Voorts meld hy dat die "fislosofie van integrasie" ook in die ouerhuise van blinde kin= ders ingedra moet word voordat die sosiale inskakeling van die

blinde kind werklik tereg sal kan kom (p. 204). Op hul beurt wys Heslinga en Tieman (1968) daarop dat die ondervinding ge=leer het dat die sosiale inskakeling van blinde leerlinge nie aan die "toeval" oorgelaat kan word nie. Hulle skryf: *"Careful thinking over, preparation and attendance from educators are necessary. Otherwise failures are unavoidable. When four blind persons go to a youth club, we mostly see that they are put to=gether, so that a real social intercourse with the sighted is not achieved. And thus, enclosed within their subgroup, they do not learn the desirable social skills"* (p. 3).

### 11.5.4 SLOTOPMERKING

"Volwaardige" sosiale inskakeling van die blinde kan slegs plaas=vind indien daar algehele aanvaarding van blinde en siende persoon onderling is. Om sodanige aanvaarding te bewerkstellig, word dit vereis dat blinde en siende mekaar sal "ontmoet" - dit wil sê dat daar sowel verstandelik as emosioneel interaksie sal wees; dat hulle saam sal beleef. Daarom dat skakeling op bloot formele vlak nie die vereiste resultate sal hê nie. Daar moet steeds gesoek word na wyses om ook spontane informele meelewing te be=werkstellig.

## 11.6 GESLAGSVOORLIGTING AAN EN -OPVOEDING VAN BLINDE LEERLINGE

### 11.6.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Kennis van die geslagtelike word in 'n groot mate visueel deur die jeugdige opgedoen. Op die beperkthede van die blinde kind om hom in hierdie verband te oriënteer, is reeds gewys (kyk 2.2.3.2 b en 2.3.11). Dit is dus die verantwoordelikheid van die ouers en van die skool (in besonder van die residensiële

skool) om daarop gerig te wees om die blinde kind tot groter *begrip* en die regte *gesindheid* ten opsigte van geslagsaangeleent=hede te bring. Vervolgens sal die praktyk in hierdie verband kortliks bespreek word.

### 11.6.2 DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

Aan die skool vir Blindes te Worcester word geslagvoorligting in hierdie stadium slegs per geleentheid deur onderwysersielkundiges, onderwys- en koshuispersoneel gegee. Tydens die aanbieding van die vak Fisiologie word leerlinge uit die aard van die saak aan=gaande die biologiese aspekte van geslagsaangeleenthede ingelig. Sommige van die leerlinge in die Vakafdeling het egter nie tot standerd 6 gevorder nie en het dus nie Fisiologie geneem nie, terwyl Fisiologie in sommige standerds in die sekondêre afdeling slegs as keusevak aangebied word. Alle sekondêre skoolleerlinge neem dus nie Fisiologie nie.

Aan die Skool vir Blindes bestaan daar wel twyfel of in die hui=dige praktyk voldoende aandag aan geslagvoorligting gegee word. Daarom dat die moontlikheid oorweeg word om in die afrondingskur=sus (kyk 11.3.2) ook aan geslagsvoorligting aandag te gee (kyk bylae A, v. 9.7).

### 11.6.3 DIE SITUASIE AAN SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

Verskeie skole vir blindes in België, Nederland, Engeland en die VSA gee geslagsvoorligting aan blinde leerlinge ôf op 'n geleent=heidsgrondslag, ôf by wyse van 'n spesifieke voorligtingsprogram. Die Bartiméus Instituut te Zeist (Nederland) bied byvoorbeeld 'n volledige, formele geslagsvoorligtingsprogram aan.

Voorligting op 'n geleentheidsgrondslag word onder andere tydens

godsdiensonderrigprogramme en 'n program van gesinsopvoeding ge= gee, asook deur "opvoeders" in die koshuise. Volgens die hoof van die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge word nie besondere probleme as gevolg van onkunde met betrekking tot geslagsaange= leenthede ondervind nie, aangesien hierdie skool vir ko-edukasie voorsiening maak. In die program van gesinsopvoeding wat aan hierdie skool aangebied word, word onder andere die handboek ge= titel *Hoe een Kindje geboren word,* met die jonger kinders, en die handboek *Gereed voor het Leven,* met die ouer kinders behandel. Die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel bied ook nie 'n formele geslagsvoorligtingsprogram aan nie, aangesien blinde leerlinge aan hierdie skool ongeveer 180 dae van die jaar by hul ouers aan huis deurbring en sodanige voor= ligting in die eerste plek as die verantwoordelikheid van die ouers beskou word (kyk bylae B, v. 1.14).

Die formele voorligtingsprogram wat aan die Bartiméus Instituut te Zeist aangebied word, bestaan uit twee afdelings, naamlik ge= slagsvoorligting en huweliksvoorligting. Die volgende vereistes is gestel as noodsaaklikheid vir doeltreffende voorligting in hierdie verband: 'n Stelsel van ko-edukasie; die afsonderlike groepering van seuns en meisies; manlike en vroulike personeel= lede en in besonder getroude persone moet vir voorligting verant= woordelik wees; lewensgetroue modelle van die menslike liggaam moet beskikbaar wees; afgesien van groepbesprekings moet indiwi= dualisering van die voorligting ook moontlik wees. Die gebruik van modelle is in besonder deur oud-leerlinge van die Bartiméus Instituut as onontbeerlik bestempel om blinde persone 'n getroue beeld van die menslike liggaam, veral dié van die teenoorgestelde geslag, te laat kry. Voorts is die inskakeling van getroude resi= densiële personeel as voorligters(sters) sterk beklemtoon. Onge= troude ouer dames is byvoorbeeld nie die beste identifikasiefigure nie. Ook is 'n mate van "intensionalisme" onvermydelik waar

ongetroude persone vir geslagsvoorligting verantwoordelik is.

Wat betref huweliksvoorligting word onder andere aan die volgende aspekte aandag gegee: Interpersoonlike verhoudinge; die eise wat aan 'n huweliksmaat gestel word; die moontlikheid van 'n huwelik tussen twee blinde persone; die moontlikheid dat 'n blinde per= soon blinde kinders sal hê en die morele implikasies daarvan; die huweliksmoontlikhede van 'n blinde dame; die eise wat aan 'n blinde huisvrou en moeder gestel word, en die oorweginge wat daartoe mag bydra dat 'n siende persoon met 'n blinde sal trou. In die lig van die ondervinding aan die Bartiméus Instituut is verklaar dat die program van geslags- en huweliksvoorligting wel vrugte afwerp en dat blinde kinders die geslagtelike nie meer vreemd en onnatuurlik vind nie en nie meer so besonder onkundig daaromtrent is nie. Selfs ouers van blinde dagskoliere het ver= soek dat hul kinders ook sodanige voorligting moet ontvang (Hes= linga en Tieman, 1968, pp. 1-4).

Wat betref die personeel wat geslagsvoorligting behartig, is ge= neeshere aan sommige skole daarvoor verantwoordelik. Die raadsaam= heid van sodanige praktyk word deur Heslinga en Tieman (1968) be= twyfel aangesien die tuisbring van 'n gesindheid by die kind dik= wels nie deur hierdie persone vooropgestel word nie. Hulle skryf soos volg: *"Moreover, many doctors admit that they often fall back into the purely biological facts as a result of which the pedago= gical aspect is neglected"* (p. 2).

Ten slotte word op enkele aspekte van die situasie ten opsigte van geslagsvoorligting aan blinde kinders in die VSA gewys. Van 33 residensiële skole vir blindes wat deur Enis en Cataruzolo (1972) in 'n ondersoek betrek is, het 21 (63,6%) *geslagsonderrigprogramme* aangebied. Van hierdie 21 skole het 5 in die primêre ("primary grades") met geslagsonderrig begin, 3 in die intermediêre grade, 2 in die junior sekondêre skool ("junior high grades"), terwyl

die ander slegs in die senior sekondêre skool ("higher grades") geslagsonderrig aangebied het (p. 63).

### 11.6.4 SLOTOPMERKINGS

Die *residensiële* skool vir blindes mag sy verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsvoorligting en -opvoeding nie ontwyk nie. In hierdie verband word veral gedink aan blinde kinders wat rela= tief selde by hul ouers aan huis kom, en daar nie van die ouers verwag kan word om volle verantwoordelikheid in hierdie verband te aanvaar nie.

Die beklemtoning van twee onderskeibare fasette met betrekking tot geslagsaangeleenthede, naamlik voorligting en opvoeding is sinvol. Dit gaan dus nie bloot om die bybring van kennis nie, maar veral ook om die *gebruik van die kennis*. Die vorming van 'n gesindheid ten opsigte van geslagsaangeleenthede sal die primêre plek moet inneem.

Ten slotte moet weer eens beklemtoon word dat die *situasie van die blinde kind* in hierdie verband drasties van dié van die siende kind verskil. Die begrip en gesindheid wat by hierdie twee kategorieë kinders tuisgebring wil word, is dieselfde. Die wyse waarop die blinde kind benader moet word, stel egter besondere eise as gevolg van die feit dat kennisname en verinnerliking nie by wyse van visuele waarneming kan plaasvind nie.

## 11.7 SAMEVATTING

Hoe meer volkome die *oriëntasie* van die blinde persoon, hoe akku= rater en meer doelgerig is sy *bewegings* en hoe groter die moont= likheid tot suksesvolle integrasie in 'n siende gemeenskap. Aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool word getrag om die oriëntasie en mobiliteit van blinde leerlinge te bevorder. Aan eersgenoemde skool word tans pogings aangewend om die onderrig=

program met betrekking tot oriëntasie en mobiliteit op 'n beter beplande grondslag te plaas. Al die skole vir blindes op die Europese vasteland en in Engeland waaroor inligting bekom is, bied onderrigprogramme in oriëntasie en mobiliteit aan. Voorts word ook opleidingskursusse in die onderrig van oriëntasie en mobiliteit aan onderwysers aangebied.

*Selfstandigheidsonderrig* met betrekking tot die verrigting van noodsaaklike alledaagse take en die nakoming van persoonlike ver=pligtinge deur blinde leerlinge is van die grootste belang. Aan die Skool vir Blindes word 'n afrondingskursus aangebied waarin aandag gegee word aan onder andere die volgende aspekte: Die belangrikheid van persoonlike netheid; die korrekte optrede in verskillende situasies; die aankoop van huishoudelike en persoon=like benodigdhede en die verrigting van huishoudelike take. Ook aan skole vir blindes in Engeland, België, Nederland, Duitsland en Italië neem selfstandigheidsonderrig 'n belangrike plek is.

Vir die blinde is die deelname aan *vryetydsaktiwiteite* 'n besonde=re problematiese aangeleentheid en dit is nodig om in hierdie ver=band beplande hulpverlening te verskaf. Aan sowel skole vir blin=des in die RSA as skole vir blindes in sekere oorsese lande word dan ook besondere aandag aan vryetydsbesteding deur blinde leer=linge gegee. Die waarde van vryetydsbesteding lê egter uiteraard daarin dat dit aktiwiteite is wat uit eie keuse en vir eie genoeg=doening beoefen word. Daar sal dus gewaak moet word teen die moontlikheid dat hierdie beginsels as gevolg van oorgeorganiseerd=heid geweld aangedoen word.

Die suksesvolle *sosiale inskakeling* van blinde skoolverlaters in 'n siende gemeenskap is een van die belangrikste doelstellinge van 'n skool vir blindes. Om hierdie doelstelling te verwesenlik is wedersydse aanvaarding nodig. Vir die blinde en siende om mekaar te aanvaar, is dit nodig dat hulle mekaar sal leer ken deur saam

te doen en saam te beleef. Skakeling tussen blinde en siende leerlinge wat deur skole vir blindes in die RSA bewerkstellig word, gee daarvan blyke dat dit oorwegend in groepsverband plaas=vind, in meer formele situasies geskied, nie kontinu van aard is nie en selde deur die blinde kind geïnisieer word. Hiervolgens wil dit lyk asof groter klem gelê moet word op wyses van skakeling wat meer geleentheid tot spontane informele meelewing sal bied.

Kennis van die geslagtelike word in 'n groot mate visueel deur die jeugdige opgedoen, wat die blinde kind in 'n besondere mate beperk in sy pogings om hom in hierdie verband te oriënteer. Die nood=saaklikheid van *geslagsvoorligting* aan die blinde kind tree dan ook al sterker op die voorgrond. Aan die Skool vir Blindes te Worcester word blinde kinders hoofsaaklik op 'n geleentheids=grondslag oor geslagsaangeleenthede ingelig. Die Bartiméus Insti=tuut te Zeist (Nederland) bied egter wel 'n program van geslags- en huweliksvoorligting aan. Wanneer blinde kinders met betrek=king tot geslagsaangeleenthede ingelig word, is dit noodsaaklik dat afgesien van die voorligtende aspek, veral ook die opvoedende aspek beklemtoon sal word; dit wil sê nie alleen die bybring van kennis nie, maar ook die gebruik van hierdie kennis. Die vorming van 'n gesindheid ten opsigte van geslagsaangeleenthede sal die primêre plek moet inneem.